Helderstem

Sondagaankondigings en Nuusblad vir Helderberg Gemeente 15 Oktober 2017 Jr. 6 Nr. 40
www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

Prentjies van God

Wat is jou prentjie van God? Dalk is dit ‘n God wat gereed staan met ‘n lat in die hand? Of God, ‘n groen monster, groen van jaloesie!? Dalk sien jy God as ‘n God van oorvloed; een wat nooit ophou gee nie. Of dalk sien jy Hom as iemand wat teleurstel? Dalk het jy êrens langs die pad ophou probeer uitpluis wie God regtig is en selfs daarin begin belangstelling verloor…

Ons dink baie keer dat God oor ons dink soos wat ons oor onsself dink. Hierdeur maak ons somtyds vir God iemand wie Hy nie noodwendig is nie. Ons gevoel van onwaardigheid hang direk af van hierdie prentjies wat ons skets in ons koppe oor wie en wat God is. Baie faktore speel ‘n rol in hoe hierdie prentjies lyk – ook die omgewing waarin ons daagliks leef en funksioneer.

Dallas Willard sê: “The acid test for any theology is this: Is the God presented one that can be loved. Heart, soul, mind, and strength? If the thoughtful, honest answer is ‘Not really’, then we need to look elsewhere or deeper.”

Om ‘n gesonde prentjie van God te vorm, moet ek besef dat ek broos en kwesbaar is, en dat ek kwesbaar MAG wees en MOET wees. Brené Brown toon in een van haar studies aan dat mense wat liefgehê/waardig voel, juis diegene is wat gemaklik is met hul broosheid en hulle tekortkominge eerlik en opreg in die gesig staar. Dis tog wat Paulus oor en oor vir ons kom vertel. Maar om rou en naak voor die waarheid te staan, verg moed. En dan…dis dàn wat jy die Skat in die gekraakte kleipot al hoe meer begin raaksien en jy geïnspireer word om nog méér voluit te lewe.

Jesus en Petrus (in Matteus 16:13-20) help ons om eerlik met hierdie vrae en uitdagings te worstel wanneer Petrus self in die heidense stad, Sesarea-Filippi, besig is om (ook saam met ‘n klomp ander mense, gelowiges en ongelowiges) prentjies van God te skilder. Kom luister gerus bietjie na wat hulle dink!

Sondag 15 Oktober

Prentjies van God
2 Kor 3:13-18 en 4:5-7

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:00 Klassiek	Danie Möller
09:30 Meditatief	Breda Ludik
09:30 Informeel	Lizette Louw
09:30 Jeugaktiwiteite	
10:00 Hoop Geloofgem	Emile Neethling
10:00 HB Village	Danie Möller
10:30 Internas Studente	Die Khaya
Geen Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Lizette Louw

Getuienisgeleentheid:

Terugvoering oor uitreik aan vlugtelinge in Griekeland
Louise Theron
louise@nghelder.co.za of 021-851 5582

Deurkollekte: Vlugtelinge in Griekeland

WiFi

Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - W4r3G3l00f

Sondag 22 Oktober

Belydenisaflegging

Hoe connect ek met God?
Joh 17:21-23

08:00 Meditatief	Danie O'Kennedy
08:00 Klassiek	Werner Schultz
09:30 Meditatief	Danie O'Kennedy
09:30 Informeel	Paul Barnard
09:30 Jeugaktiwiteite	
10:00 Hoop Geloofsgem	Danie Möller
10:00 HB Village	Werner Schultz
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Paul Barnard
19:00 Aandkerk	Danie O'Kennedy

Bid saam met ons vir die volgende:

Mia Cara Ferreira - (6 jr) leukemia
Pauletta Joubert - beenmurgkanker
Sonja Kruger - gewas
Du Toit Visser - heup
Rehanna Nolte - beenkanker
Rinie Victor - oogoperasie
Johannes Esterhuizen (jnr) - leukemia
Wilfred Stripp - lewerkanker
Pieter Goldman - hospitaal
Ermano Aiello - breinoperasie
Wouter Hanekom - rug-operasie
Toy Verster - herstelproses
Johan en Engela Krüger - motorongeluk
Johan Coetzee - knievervanging
Ada Kellerman - herstelproses
Katharina Greyling - operasie
Japie Storm - longkanker het versprei na lewer en rugwerwels

Rou:
Johan Pienaar - ons dink aan sy vrou Barbara en familie
Erika Matthee - ons dink aan haar man Johan en familie
Gerrit Odendaal - ons dink aan sy broer Pieter en familie
Ons dink aan Minnie Louw, haar pa, *Gert Coetzee*, is oorlede op 96

Baie welkom aan die volgende nuwe lidmate:

Hendrik du Toit – Eureka Bethlehem
Jacobus Meij - Stellenbosch-Sentraal
Johan en Maryna Coetzee met hul seun Igo - Hottentots-Holland
Leon en Carin Bedeker met hul dogter Tia - Stellenbosch
Monti en Anneri Haasbroek – Strand-Noord en Philipstown
Sonja Woest - Strand
Tyron en Elizma Swanepoel met hul seun CJ - Robertson

Doop by die klassieke diens:

Juan & Margeaux Jooste met Mila Cara

Neem kennis

Wat gebeur die week:

Dinsdag 17 Oktober
06:00 Gesels en bid vir ons land - Tent
17:30 Eredienswerkgroep
19:00 Kerraadsvergadering - Kapel

Woensdag 18 Oktober
19:00 Belydenisgesprek - Joppe
19:00 Doopgesprek - Kapel

Donderdag 19 Oktober
08:45 Bybelstudie
17:30 DC, DC4K, S&P en GS

Dinsdagoggende van 06:00 tot 06:45 gesels en bid ons in die Tent vir ons land en gemeenskap.
Of
Elke 2de **Woensdag** (25 Oktober) om 08:15 - 09:00.
Enigeen is welkom.

Kamp vir alle jong werkendes

(3-5 Nov)
Nog ‘n paar plekke is oop. Kontak Drikus du Toit as jy belangstel (drikus0329dutoit@gmail.com of 079 499 5196).

Musiekbediening

Wil jy deel word van die musiekgroepe vir die informele– of aanddiens? Kontak vir Lizette Louw by lizette@nghelder.co.za

DIY oggend

Kom kuier saam met die Beradingsentrum op 18 Oktober vanaf 11:00-13:00 in die Tent.

Ons gaan saam ‘n kreatiewe aktiwiteit aanpak (ons gaan houtkruisies versier met verf en mosaïek). Daar gaan ook lekker verversings wees.

Vanaf Januarie 2018 gaan ons een keer per maand bymekaar kom en saam ‘n aktiwiteit aanpak, enige idees of voorstelle is baie welkom.

RSVP en navrae na berading@nghelderberg.co.za of by Ontvangs

Klassieke Klanke

Sondag 15 Oktober
16:00
Helderberg Gemeente

Firmountweg 82, Somerset-Wes

Toegang gratis*

Kuier voor en na die konsert in ons Tent
waar daar eetgoed te koop aangebied word.
*Donasies welkom

MA HET GESê
EK MAG
OORSLAAP!

Gr.1 – 3 Oorslaap

Vrydag 27 Oktober - Saterdag 28 Oktober

Jeugsentrum

Navrae: lizl@nghelder.co.za

The Top Class Team

Top class indeed! Oh so much more than the sign outside the coach bus taking them to airport.

The Helderberg team from South Africa came a few weeks ago to Omonia church to serve our refugee families and us only to surprise the refugee families because they were all kind of blonde! Had a few laughs with this observation but further more this team led by Louise Theron immersed us in the love of God for two weeks and bathed us with all kinds of blessings. They came very well prepared and just stood in the place God could use them effectively for His Glory.

Top class team indeed, you left a sweet aroma of Gods presence among us. You taught us what it is to be a dynamic strong team which in unity brings glory to God.

Thank you for everything you brought and left with us. Your kindness, your Spirit led posture, joy, hope and also for the green amazing cart, for teaching, for cooking, for serving warm tea, for loving everyone, for caring and teaching the little ones, for cleaning, for shopping, for fixing all the locks upstairs, and so much that needed fixing. Thank you for washing our feet literally and figuratively!

Go with God now and come back soon! You did make a huge difference in the world of volunteering and serving.

Eleni Melirrytou – Manager Omonia Church Refugee Program

Die groep gaan by die verskillende eredienste terug-voering gee oor die tyd in Griekeland.

#HopeforMiaCara

Mia Cara en haar gesin is in ons gemeente en sy is al 'n geruime tyd op ons gebedslys. Sy is met *Acute Lymphoblastic Leukemia* gediagnoseer en het onlangs haar sewende blok behandeling ondergaan. Die behandeling is ongelukkig nie meer voldoende nie en ander opsies moet oorweeg word.

Meer effektiewe behandeling, T-sel terapie, is beskikbaar in Amerika, maar om haar daar te kry moet 'n yslike bedrag geld ingesamel word.

Ons wil graag hierdie gesin ondersteun deur die volgende:

- sakke is beskikbaar teen R100 by die kerkkantoor
- *cupcakes* teen R15 te koop tussen die twee oggenddienste op 22 Oktober, bestellings kan geplaas word by Meagan (071 354 0509)

Gaan lees meer oor haar storie by https://igg.me/at/5zH2WYeKOhk

En sluit asb aan by haar facebook bladsy vir meer inligting oor fondsinsamelings by https://www.facebook.com/hopeformiacara/

Vir meer inligting kontak vir Annette by 082 545 7718 of Annettegerber1@gmail.com

Dienssentrumkoördineerder

Aansoeke word ingewag vir 'n Dienssentrumkoördineerder by Helderberg Uitreik se Dienssentrum. Dit behels vier oggende per week vir twee ure per oggend.

Die persoon moet geroepe voel om dit te doen, uitstekend met vrywilligers en die gemeenskap kan saamwerk en oor goeie organisasievermoë beskik. 'n Honorarium is betaalbaar.

Aansoeke met CV @ 17 Oktober by louise@nghelder.co.za.
Navrae – Kobie Groenewald 021-851 5582

Helderberg UITREIK

Kom kuier saam

Sondag 29 Oktober is Nagmaalsondag en ons wil sommer lekker saam kuier na die diens.

Ons maak 'n heerlike hoenderpotjie (R50) en boere-worsrolle (R25) – kaartjies is vanaf vandag by Ontvangs te koop. Tafels en stoele is beskikbaar, bring jou eie mandjie met eetgerei en drinkgoed. Ons wil graag as gemeente mekaar beter leer ken. Dit is dus nie vir wegneem nie, maar om hier as gemeente saam te eet.

Alle kaartjies moet asseblief vooraf gekoop word sodat ons weet vir hoeveel om voor te berei. Jy kan ook jou bestelling en betalingsbewys e-pos na: ontvangs@nghelder.co.za.

Ons bankbesonderhede is Rekeningnaam: NG Kerk Helderberg, ABSA Bank Somerset-Wes, Reknr: 2900 5900 94, Takkode: 632 005. *(Verw potjiie).* **Betaalde kaartjies moet vooraf afgehaal word.**
Kom geniet die dag saam met ons.

· MORPH ·

VAN KLEUTERSKOOL NA GROOTSKOOL

Jou kind staan op die punt om 'n metamorfose te ondergaan van kleuterskool na grootskool. Kom woon hierdie praktiese toerustingsoggend by om hierdie reis sinvol aan te pak.

21 OKT '17 09:00 - 12:00	PLEK: LAERSKOOL DE HOOP	
R250 PER PERSOON	R400 PER EGPAAR	R200 PER ENKEL OUER

Voornemende graad 1-ouers, ander ook welkom!

Aangebied deur NG Helderberg & Spreker Drikie Atherstone, 'n Immergroen Ouerskap Konsultant

REGISTREER AANLYN BY http://bit.ly/morph2017
SLUITINGSDATUM: 16 OKTOBER 2017

Vir navrae kontak Lizl Botha by lizl@nghelder.co.za | 084 800 2764

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Kerkkantoorure
Weeksdae: 08:00 - 19:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 16:00

Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A.
ABSA Helderberg Tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Helderberg NG Gemeente
021 851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za
Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
helderhelp@gmail.com

SnapScan

Helderberg Gemeente

SnapScan

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Versorgingsfonds, ons is dankbaar vir ondersteuning

Gesinne in nood in ons gemeente word finansieel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun.
Dankie vir getroue bydraes.

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*